Skool-Visie
Laerskool A.G. Visser se visie is om met uitnemendheid waardegerigte leerders te help ontluik deur hulle talente in hulle moedertaal Afrikaans, te ontdek en te ontwikkel.

JAARTEMA 2021
"Waar die avontuur begin om jou talente te ontgin"

Privaatsak X1
Rensburg
1439
Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: agvisser@worldonline.co.za
www.agvisser.co.za

OMSENDBRIEF 2021-5

Ons waarde vir die maand: Eerlikheid

3 Mei 2021

Beste ouer / voog

Baie welkom terug na die kort vakansie. Hierdie kwartaal gaan sy eie uitdagings hê deurdat dit volgepak gaan wees met buitemuurse aktiwiteite en akademie. In kwartaal 2 gaan die Graad 4 – 7 leerders ook eksamen skryf. Ons wil hê dat soveel moontlik leerders aan ons onderskeie buitemuurse aktiwiteite sal deelneem om te verseker dat hulle al hulle talente ontwikkel.

BEHEERLIGGAAM

Baie geluk aan ons beheerliggaamslede wat in hulle onderskeie ampte verkies is, nl.

Jaco Billing – Voorsitter

Leon Liebenberg – Ondervoorsitter + Digitale en tegnologiese ontwikkeling

Jakkie Jordaan – Projekte en Bemarking

Judy Mostert – Finansies

Sarel Swanepoel – Infrastruktuur en sekuriteit

SKOOLTYE

Aangesien die ontwrigting van Covid 19 redelik uitgesorteer is, het ons besluit om die skooltye vanaf 4 Mei 2021 as volg aan te pas:

Gr R: 7:30 – 12:30

Gr 1 – 3: 7:30 - 13:00

Gr 4 – 7: 7:30 – 13:30

SKOOLDRAG

Leerders kan van nou af wintersdrag begin dra. Ons gaan binnekort meer inligting rakende die skooldrag aan u deurgee.

Privaatsak X1
Rensburg
1439
Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: agvisser@worldonline.co.za
www.agvisser.co.za

VEILING

Baie dankie aan elke ouer wat die veiling ondersteun het, dit was ‘n reuse sukses. Ons gaan die fondse gebruik vir salarisse en lone asook om die nodige instandhouding by die skool te doen. ‘n Baie spesiale dank aan Elize en Marius Res wat die projek geïnisieer en gedryf het - ons waardeer dit opreg.

OPEDAG

Ons gaan ’n opedag hou op Saterdag 8 Mei 2021 tussen 09:00 en 12:00. Die opedag is vir alle grade en ons doel daarmee is om ons skool te bemark aan soveel moontlik mense. Ons sal dit opreg waardeer indien u dit bekend sal stel aan die gemeenskap rondom u. Die tema vir die dag is Mars toe en terug. U is welkom om die dag by te woon.

Vissiegroete

Selma Marx
Skoolhoof